**9 Februarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 55**
**Fokusgedeelte: Jesaja 55:1**

**"Kom deel sonder prys of geld in die skatte van God se Koninkryk!"**

Die gedeelte van Jesaja 40-55 eindig soos hy begin het: met 'n aankondiging dat die ballingskap verby is. Die Here is met sy volk op pad terug na hulle eie land toe en daarom aan hulle, en alle mense, die uitnodiging en oproep om in 'n ware verbondsverhouding met Hom te leef. Immers: net by Hom is lewe in oorvloed te vinde!
Die uitnodiging van vers 1 moes die volk in die laaste fase van hulle ballingskap emosioneel diep geraak het. Dit het immers nou aangesluit by die bekende lied van die waterverkoper wat elke dag in die strate van die geliefde stad, Jerusalem, weerklink het. Net maar was die waterverkoper se water nie "sonder geld en sonder prys" nie!
As die Here egter water, wyn en melk aanbied, is daar geen koste aan verbonde nie! Met reg kan gesê word dat die profeet hier die "arm man se kermistafel" voor ons dek! Rondom hierdie tafel word elke grondbeginsel van die handelswêreld tersyde gestel, want die volle prys word deur die verkoper betaal en die volle wins word deur die koper geneem. Die kosbaarste goedere denkbaar word weggegee ... vir niks!
Op die eerste vlak van betekenis dui die water, wyn en melk op die ryk materiële seëninge wat in en om Jerusalem op die terugkerende ballinge gewag het. Maar op die dieper betekenisvlak dui dit op geestelike herlewing en herstel. Dit dui uiteindelik op die voorreg om Jesus Christus te ken, Hom lief te hê en te drink van die water wat Hy in Johannes 7:37 op die laaste dag van die Loofhuttefees aangebied het vir almal wat na geestelike versadiging smag!
Is jy so 'n soeker na die ewige rykdom wat Jesus Christus met die losprys van sy eie lewe vir jou gekoop het? Kom neem dan wat Hy in sy deurboorde hande gratis na jou toe uithou. Jou opregte honger en dors is al voorwaarde wat Hy stel.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1-5* *Ds. JJ Cloete (Koster)*